# KOERSVAS

Jaargang 8 Uitgawe 172 15 November 2019





In hierdie uitgawe:


Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings


## REDAKSIONEEL

## Meer as teologiese lesse te leer uit die Kerk-hervorming

**1. Die Roomse Kerk vandag**

Wanneer ‘n mens na die huidige opvattinge en gebruike binne die Roomse “kerk” kyk, is die lys van dwalinge baie lank: Hulle steeds-groeiende lys van “heiliges”: Klipdooie mense (bv Maria, die moeder van Jesus), wat tot lewende tussengangers na God - naas Jesus en as gelukbringers verklaar en aanbid word. Die samesmelting van die 1e en 2e Gebod om beelde-aanbidding te regverdig, en die splitsing van die 10e Gebod in twee om steeds 10 Gebooie te kan hê. Geklikhede soos water wat kamma heilig is; die oppergesag van die Pous bó die van die Bybel, die Pous as enigste interpreteerder van die Bybel; lewelose kersies wat opgesteek word en as lewende gebede vir die dooies voorgehou word; die aanraking van heilig-verklaarde voorwerpe (beelde, geraamtes, ens) wat jou sal beskerm en voorspoedig sal maak; die skep van ‘n halfwegstasie Hemel toe vir minder gehoorsame afgestorwe mense wat ‘n hupstoot in die regte rigting kan kry deur gebede, spesiale eredienste en ruim finansiële bydraes aan die “kerk”; die geloof dat die sonde waarmee ‘n baba gebore word, die fisiese sondes is wat hy van sy voorouers geërf het, en niks te doen het met ‘n mens se aangebore rebelsheid teen God nie, ens, ens, ens...

Dit maak van die Roomse godsdiens (verkeerdelik verwys na as die “Rooms-Katolieke Kerk”) allermins ‘n Christelike, Bybel-gefundeerde Kerk. Een van die werklik min Bybelse standpunte wat hulle vandag handhaaf, is die onontbindbaarheid van die Christelike huwelik.

Hierdie, en nog baie meer afwykings, was voor die suiwerings-poging, deur die talle kerk-hervormers, uitgewys as teenstrydig met die Bybel. Die vraag kan met reg gevra word waarom die kritiek wat destyds teen die kerk uitgespreek is, niks aan die dwalinge binne die kerk verander het nie?

**2. Die reaksie van die destydse kerk** – meer spesifiek die kerklike leiers – teenoor die beskuldigings van dwaalleer, was nie om self-ondersoek te doen, en die verkeerdhede reg te stel nie. Martin Luther se samevatting van die dwaalleer binne die kerk, verskyn as kennisgewing op die kerkdeur van Wittenberg in 1517. 28-jaar later roep pous Paulus III ‘n spesiale kerkvergadering in Trente, Noord-Italië, byeen, waar al die beskuldigings van die Kerkhervormers as kettery (dwaalleer) verwerp word en bevestig word dat die (Roomse) Kerk nie ‘n duim sal afwyk van sy teologiese opvattings nie. Die oppergesag van die Pous oor die totale kerk word her-bevestig, en planne is beraam om die verlore aansien en magsgebied van die Roomse kerk, wat aan die Hervormers afgestaan is, te herwin. Deel van die strategie, was die aanwending van die amptelike ketter-jagters, bekend as die Inkwisisie, om

persone wat die gesag van die Pous bedreig en die opvattinge van die Roomse Kerk verdag maak, te elimineer. Hulle het die mag gehad om kerklike teenstanders te martel en in die openbaar aan die brand te steek, wat hulle ook met 1,000e hervormingsgesindes dwarsoor Europa gedoen het. Daardeur is baie Hervormings-gesindes geïntimideer wat, uit vrees vir vervolging, teruggekeer het na die Roomse opvattinge toe. In Nederland was Peter Titelmann die berugte hoof van die Inkwisisie, en in Italië begin die intimidasie aanvanklik onder leiding van 6 kardinale. Hierdie reaksie word die Kontra-Reformasie genoem.

**3. Wat was die rede daarvoor?**

Hoekom kon die kerklike leiding destyds nie insien dat hulle opvattings en gebruike in stryd met die inhoud van die Bybel is nie? Die antwoord is eenvoudig: Hulle het te veel gehad om te verloor. Hulle sou moes erken dat hulle nie weet wat in die Bybel staan nie, en dat hulle opvattings en gebruike teenstrydig met die Bybel is. Hulle sou hulle leuen-gebaseerde mag oor en houvas op naïewe mense moes prysgee. Hulle sou moes afstand doen van die luukse en sondige leefstyl wat hulle met hulle misleiding bekom en met hulle oppergesag mee weggekom het.

**4. Die grond-oorsake**

Onderliggend aan alles, was dat hulle vir die verkeerde redes in die kerk was, en dit was nié ter wille van die eer van God, die saligheid van die mens, en die suiwerheid van die evangelie nie. Hulle is gedryf deur ‘n ambisie om baas te speel oor mense, om magtig te kan wees, om deur almal vereer, gevrees en aanbid te word, en om rykdom te kan beleef. Omdat hulle nie met die Bybel besig was nie, kon die Heilige Gees nie vir hulle ‘n goeie gewete bied nie. Op grondvlak is mense verbied om die Bybel te bestudeer, en het hulle onkunde hulle die slagoffers van uitbuiting, misleiding en bygeloof gemaak.

**5. Paralelle binne die Hervormde Kerk**

Daar is ‘n oorweldigende ooreenkoms met dit wat destyds binne die kerk gebeur het, en dit wat die afgelope ±50 jaar binne die Hervormde Kerk gebeur het. Alhoewel sommige van die dwaalleraars binne die Hervormde Kerk - soms vernuftig en skynheilig, soms blatant - hulle dwaalleer ontken het, het die verloop van tyd, wat nou as historiese feite bevestig kan word, hulle leuenagtigheid ontbloot. Die volgende dwaalleer is op hierdie oomblik openlik en volledig deel van die Hervormde Kerk se profiel: Jesus is nie uit ‘n maagd gebore nie. Hy is nie die Seun van God nie, Hy het geen wonderwerke gedoen of dooies uit die dood opgewek nie. Hyself het ook nie opgestaan uit die dood nie, en ook nie opgevaar na die Hemel toe nie. Daar is nie ‘n Ewige Lewe nie, en Jesus gaan ook nie terugkom aarde toe nie. Die Bybel is nie die Woord van God nie. Daar is geen fout met homoseksuele verhoudinge en -intimiteit nie. En dan wil die Hervomde Kerk nog voorgee dat hulle absoluut getrou is aan die Skrif en die Belydenisskrifte volledig en onverkort aanvaar?! Dan belet hulle Skrif- en belydenisgetrou Geloofsbond predikante hulle kansels, en dreig Bondslidmate dat hulle van vooraf sal moet katkiseer indien hulle wil terugkeer Hervormde Kerk toe! Dan wil hulle ook nog ‘n protestantse front voorhou deur elke jaar die Hervorming op 31 Oktober te herdenk!? Van buite af skep dit die indruk van ‘n gekkeparadys.

As deel van die nou histories-bewese feite, is die aanhangers van een of meer van hierdie Bybel-weersprekende standpunte ook bekend, en dus deel van die feitelike geskiedenis van die Ned.Hervomde Kerk: Gert Pelser (sedert 1980), Andries van Aarde (sedert 1997), Yolanda Dreyer, Ernest van Eck, Johan Buitendag, met natuurlik ‘n klomp ondersteuners wat agter hulle aandrentel, waarvan sommige met doktorsgrade beloon is vir hulle lojaliteit. Eerder as om met hierdie verkondigers van

dwaalleer onder die opsig en tug mee te handel, word hulle beskerm en intern met toekennings vereer. Hierdie toedrag van sake behoort enige nugtere gelowige te oortuig dat die NHKA oorhoofs nie meer die begeerte het of enigsins in staat is om ‘n Skrifgetroue geloofsgemeenskap te kan of wil wees nie. Maar, helaas, ons sit met massas bittereinder-Hervormers binne die vinnig-krimpende NHKA sonder kennis, insig en onderskeidingsvermoë, wat hierdie feite nie wil hoor of erken nie.

Dan is daar ook nog enkele persone wat oor ‘n lang tyd die indruk laat van magsbeheptheid, en die dikwels op ‘n mafia-styl die Kerk beheer: Frikkie Labuschagne, Wouter van Wyk en Barry van Wyk. Mense wat selfs bereid is om ‘n predikant meineed te laat pleeg in hulle beheptheid met die materiële, en die Kerkorde goedsmoeds verdraai soos wat dit hulle agenda, optrede en vriende pas. Historiese feite wat deeglik gedokumenteer is in die Geloofsbond se argiewe.

**6. Hoe het die Hervormde Kerk in hierdie dryfsand beland?**

In die verdeeldheid binne die Afrikaner-politiek sedert 1948, is hoofsaaklik Verenigde Party dosente aan die Teologiese Fakulteit aangestel. Toe die Broederbond sy visie om die Afrikaner op te hef en te verenig in die laat 60’s verloor het en ontaard het in ‘n magsbehepte geheime organisasie, het dit die NHKA ook in sy wurggreep vasgevang. Onder die voorsitterskap van Bart Oberholzer (1973-1989) word die praktyk onomkeerbaar gevestig om alle verkiesings vanaf kerkraadsvlak, universiteit, Ringe en die Algemene Kerkvergadering vooraf te bekonkel om Broederbondlede in sleutelposisies verkies te kry. Eers bloot ter wille van die verkryging van absolute mag, maar geleidelik om die Kerk ‘n politieke instrument van die Nasionale Party te maak. Dieselfde optrede volg later deur die welsprekende poppe-meester, Johan Buitendag. Maar o, al die-doel-heilig-die-middel-leuens van al die konkelaars en meelopers tot vandag toe waarmee enige agteraf-gekonkel ontken word!

Met dr Daan van Wyk snr was daar hoop, maar sy ruggraatlose- en beginsellose opvolgers plaas die Kerk op die glybaan waarop dit vandag is: Theuns Dreyer, Johan Buitendag, Daan van Wyk jnr, Wim Dreyer, André Ungerer. By nie één van hulle was daar die passie vir die evangelie om die dwaalleraars tot verantwoording te roep en die Hervormde Kerk se teologie te suiwer en die evangelie te beskerm nie.

En vandag sit ons met ‘n Hervormde Kerk wat weinig te doen het met al die mooi dinge wat in sy Kerkorde as beginsels neergelê is as die grondslag vir sy ontstaan, bestaan en toekomsgerigtheid: Die Bybel, die Belydenisskrifte, die vroom lewe. Die spannetjie hierbo hou al die perdjies mooi in ‘n ry met dreigemente en intimidasie, en streef oorhoofs na aanvaarding deur die wêreld, en wurg gemeentes en predikante dood met hulle sinnelose heffings.

**7. Ons besorgdheid**

Daar is baie mense wat bid vir die bekering binne die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en ander wat hoop verloor as hulle sien hoe die Kerk in dryfsand vasval en ingesuig word in ... wie-weet-wat?

Hierdie artikel is egter ‘n poging om vir leiersfigure binne die Hervormde Kerk – op hulle naam - ‘n klankbord te bied van dit waarmee hulle tans besig is, en vir lidmate wat nog in die Drie- Enige God van die Bybel glo, met die verwagting van verlossing deur Jesus Christus en die Ewige Lewe, te waarsku dat hulle op die verkeerde voertuig is. Veral gaan dit ook oor baie van ons bloedfamilie en goeie vriende wat steeds aktief deel is van die NHKA en onder die illusie verkeer dat dit nog binne die groter NHKA oor die Bybelse evangelie van Jesus Christus gaan.

Die artikel is ook gerig op al diegene wat saam met die leiers hierbo genoem, deel gehad het aan die geskiedenis van onreg, wat verál teen die predikante wat die

oneerlikhede en dwaalleer uitgewys het, gepleeg is. Mense wat tot dusvêr ‘n gebrek aan ‘n goeie gewete openbaar het, en selfvoldaan geen behoefte het om dit te erken of om verskoning daarvoor te vra nie. Aan hulle word uitgewys dat hulle dae om dit te doen, uitloop soos wat die tyd aanstap na die Dag van Verantwoording toe... of hulle in die-lewe-na-die-dood glo of nie.

**8. ‘n Waarskuwing egter aan ons almal**

Die ongelowige en bose reaksie van kerklike amptenare gedurende die Kerkhervorming en ook die stryd binne die Hervormde Kerk, is net so waar in ons gewone gelowiges se reaksie wanneer ons eie foute en verkeerdhede uitgewys word. Ons sal ons kritici ook probeer vernietig, ons eie verkeerdhede probeer toesmeer of regverdig, en selftevrede in sonde bly voortleef ...en ons is te blind om dit te besef. Saam met die Here (Hosea 4:6) treur ons vandag oor ons moederkerk, sy leiers en onsself: ***"My volk gaan onder omdat hulle nie aan My toegewy is nie." ... "My volk gaan ten gronde weens ‘n gebrek aan kennis."***

Ds Gawie Wolmarans, Potchefstroom-Die Wilge

## DS. ANTOINETTE VAN ZYL 25 JAAR

Wanneer ds. Antoinette van Zyl, Sondag 13 Oktober 2019 op die preekstoel klim, laat sy 17 Oktober 1994 soos gister lyk. Steeds pragtig, viets, regop, sterk. Vyf-en-twintig jaar gelede was die prediking uit Handelinge 9. Paulus oppad na Damaskus. Damaskus, die plek van vervolging, ens. Ons Damaskusse, die plekke waar ons nié moet wees nie, ons moet mekaar nie te na kom/ seermaak nie. Vandag kom die boodskap uit Handelinge 19: Ken ons mekaar regtig? Wat weet ons van mekaar? Die teksvers was : " Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het..?" Hand 19:2 Het julle al die Heilige Gees ontvang? Geloof is 'n hart-en kopsaak. Die belydenisskrifte is nodig. Dat ons weet en bely: God is Vader, Seun en Gees. Die feite is nodig; die wetenskap nodig/noodsaaklik. Ons moet verstaan en weet. Met ons harte dra ons mekaar, is ons betrokke by die wel en weë van ons gemeente.

'n Boodskap wat jou binneste indring, wat tot in die donkerste agterhoeke van die hart die soeklig laat val, jou laat nadink. Gebring soos haar gemeente haar leer ken het. Deeglik voorbereid, op die man af, diepe insig.

Daarna stel ouderling Willie Gouws hierdie uitsonderlike, maar beskeie vrou (wat ons gemeen het ons ken) , aan ons voor. Van der Hoffbestuurslid (eerste vrou), haar leierseienskappe, akademiese prestasies (Cum Laude vir BA, BD, MDiv). Gemeente Vrede is bevoorreg. So voel ons ook wat haar ken, wat deur haar lewe en optrede geraak word. In die groete boodskappe wat volg, word ook die agting wat kollegas vir haar het, duidelik. Haar leierskap, haar buitengewone intellektuele vermoëns. Sy is skerp, krities, sy het 'n heerlike, droë humorsin. Maar ook haar geesteskrag, onverwagse sagte hart wat skuil agter die sterk uiterlike, met deernis en begrip vir haar mense. Johan, die aantreklike boer, haar man, is altyd aan haar sy, naby haar. Vir hom is sy ook ondersteunende eggenoot (boervrou met 'n Kunsmatige Inseminasie-kursus!) Sy is 'n liewe, streng moeder, tuisteskepper (het 'n lieflike roostuin), betrokke in die gemeenskap (VLU). Die liefde van haar mense, haar gemeente (en ook lidmate wat vroeër deel was van die gemeente, wat uit die Kaap, Noord-Wes, Limpopo, gereis het om hierdie mooi en grootse jubelende viering by te woon), haar gesin, en haar ouers, broer en suster, skoonma, skoonsusters en hulle gades, dit alles onderstreep hul bewondering en

gebondenheid. 'n Herder met besonderse gawes in diens van ons Heer. Ons Vader kom die dank, eer, lof en aanbidding toe vir die waardigheid waarmee sy haar roeping nakom.

Na afloop van die diens, kon almal tee en verversings by die kerk geniet. Terwyl foto's geneem word om die dag te album, word die mooi-mooi kerk ruiker met pienk en wit blomme met fyn vroulike net, opnuut bewonder, die handewerk van skoonsus, Jacomien. Daarna is ons ontvang by net so 'n mooi en feestelike saal. Ons het lekker geëet, heerlik gekuier. Baie geluk ds. Antoinette Van Zyl (néé Geyser), met u 25-jarige ampsjubileum. Bly en dankbaar dat ons saam julle kon vier. Ons bid jou en Johan, die keur van Gods seëninge toe!





**BEROEPE NUUS: KOSTER**

Koster gemeente het ds. Johan van Wyk van WesRand gemeente beroep. Hy oorweeg tans die beroep.

**KURATORIUM**

Die Kuratorium se laaste vergadering vir 2-19 vind plaas op Vrydag 15 November.

**BLOEMFONTEIN BEDIENING**

Predikante wat bevoorreg genoeg is om in die suide van ons land vakansie te gaan hou, word versoek om Bloemfontein te oorweeg as 'n Sondag stop waartydens daar saam met ons mense erediens gehou kan word. Jy kan preek en rustig verder reis saam met jou gesin.Kontak

Oudl Das Steyn 078 440 9104 of

Basja & Mientjie Geyser 082 329 0239

.

**BYBELVASVRA 2020**

Gemeentes word aangemoedig om aan die Bybelvasvra van die Bond deel te neem. Hierdie is ‘n wonderlike geleentheid om jou Bybelkennis uit te brei en saam met mede-gelowiges die Woord te bestudeer.

Die bestek vir 2020 is as volg:

Algemene Bybelkennis - 50%

2 Petrus (3 Hoofstukke met 61 verse) - 50%

**LEWENSBROOD 2020**

Liewe lidmate en gemeentes

Hierdie is u laaste geleentheid om LEWENSBROOD 2020-2021 te bestel. Hierdie boek het 'n gewilde Kersgeskenk geword en ons beplanning is van so 'n aard dat ons die produk voor middel Desember wil afstuur. Enkele sake moet onder u aandag gebring word:

- Dit gaan **R130.00 per eksemplaar** kos.
- Plaas bestellings by Ella ella@geloofsbond.org.za of ella@teamworkprinters.com
- Bestel genoeg eksemplare. Ons kry jaarliks versoeke vir nog eksemplare. Die koste verbonde aan die **herdruk** van die boek is meer as dubbel (ongeveer **R280-R320**)
- U moet verkieslik by bestelling reeds betaal vir u eksemplare.
- Ons gaan geen LEWENSBROOD aanstuur sonder bewys van betaling nie.
- U word vriendelik versoek om u betalings te maak aan die GHG.

  **Bankbesonderhede**

  **Rekeningnaam: Geloofsbond van Hervormde Gemeentes**

  **Bank: Eerste Nasionale Bank van Suid Afrika (FNB)**

  **Rekeningnommer: 6243 092 3088**

  **Tak: Pretoria-Noord**

  **Takkode: 250 655**
- Dui duidelik aan dat die betaling vir Lewensbrood is verwysing **LB2020**. Die klein winsie wat ons maak, is net genoeg om die fooie verbonde aan die Internet (webwerf en Bakkiesblad) te dek.
- Bewys van u betaling moet aan Ella gestuur word vir kontrole doeleindes. ella@geloofsbond.org.za of ella@teamworkprinters.com

Ons sien uit daarna om weer 'n kwaliteit produk aan ons getroue lesers te stuur.

Dr Johan Otto

**GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/ (sien skermfoto hier onder.)

Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

**OORNAG FASILITEITE**

**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !

Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek

- naby hospitaal en besighede-

Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers

Etes en wasgoed op afspraak

Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**

Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**




2019/2020 Kwilt deur die dames van Vivo/Dendron

Maak seker u gemeente het lootjie lyste ontvang.

Alle gemeentes word genooi om deel te wees van die jaarlikse projek.

**Skermskoot van Geloofsbond webwerf te www.geloofsbond.org.za**



9/12/2019 Geloofsbond

Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (/)

(https://www.facebook.com/geloofsbond)
(https://twitter.com/geloofsbond)
(https://www.youtube.com/geloofsbond)

1 2 3 4

**SELFVERSTAAN**

Die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG) se selfverstaan is nie 'n afgehandelde saak nie, want die Bond is steeds besig om sy plek te vind op die grondslag van die Bybels Reformatoriese teologie van die ou NHKA.

Lees meer (/so-glo-ons/selfverstaan)

**SO GLO ONS**

Ons onwrikbare geloof in God Drie-enig, ons vashou aan die Bybel as ons enigste kanon, ons aanvaarding van die Belydenisskrifte, die Proponentsformule, dring ons daartoe om te staan by ons geloofsoortuigings. Ons smeekbede is: Help ons, God.

Lees meer (/so-glo-ons/geloofsstandpunt)

**GESKIEDENIS VAN DIE GELOOFSBOND**

Ons sien onsself as Hervormers en as die ware voortsetting van die Voortrekkerkerk. Lees meer oor die geskiedenis en ontstaan van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes.

Lees meer (/so-glo-ons/geskiedenis)

https://geloofsbond.org.za 1/8